Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning
Subdirektoraat: Skoolverryking

Verwysing: 20190218-1798
Lêerno.: 12/2/8/30/R
Navrae: Distrikskantoor

Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanningsminuut: 0003/2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Skoolverrykingsbeamptes, en Prinsipale van primêre en sekondêre skole

Onderwerp: 2019 Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), in samewerking met al die provinsiale onderwysdepartemente, sal weer eens die Suid-Afrikaanse Skoolkooreisteddfod (SASKE) in 2019 bestuur en monitor.

2. Die 2019-kompetisie maak voorsiening vir skoolkore in die volgende kategorieë:

   Primêre skole
   Kleuters (graad R tot 2)
   Grondslagfase (graad 3 tot 4)
   Intermediêre fase (graad 5 tot 7)
   Plaasskole

   Sekondêre skole
   Sekondêr A
   Skole wat gedurende die afgelope vier jaar deurlopend goed gevaar het in die vyf gekeurde kategorieë (d.w.s. gemengde kore, Afrikaan, Afrikaans, Westerse en manlike en vroulike kore).
   Sekondêr B
   Skole wat vir die eerste keer deelneem asook daardie skole wat aan die program deelgeneem het, maar nie nasionale vlak bereik het nie.

3. Grondslagfase-kore sal slegs aan die distrik se eisteddfod deelneem. Hulle sal nie aan die provinsiale en nasionale afdelings van die kompetisie deelneem nie.

4. Musiekstukke is vir alle afdelings voorgeskryf. Die reëls vir deelname asook die 2019-bladmusiek kan van die DBO se webtuiste afgelaai word by: http://www.thutong.doe.gov.za/Default.aspx?alias=www.thutong.doe.gov.za/school

enrichment. U kan ook u distrikskantoor vir hulp met die musiek of die reëls vir deelname kontak.

5. Om vir die kompetisie in te skryf, moet skole die aangehegte registrasievorm invul en dit aan die betrokke skoolverrykingsamptenaar by hul distrikskantoor stuur.

6. Skole wat registreer, sal genooi word om distrikswerksessies by te woon om hulself met die voorgeskrewe musiek en reëls vir deelname vertroud te maak.

7. Distrik- en provinsiale uitdunrondtes sal onderskeidelik tussen Mei en Junie 2019 plaasvind.

8. Skole sal slegs uitgenooi word om tot die volgende stadium toe te tree as die beoordelaars 3 (65%) en meer aan hulle opvoering toegeken het.

9. Deelname op provinsiale en nasionale vlak is streng op uitnodiging van die WKOD.

10. Prinsipale en skoolbestuurspanne moet toesien dat kooroefeninge nie met die skool se akademiese program en kontaktyd inmeng nie. Met die oog hierop, is dit baie belangrik dat dirigente nie leerders versoek om kooroefening tydens onderrigtyd by te woon nie.

11. Skole wat aan SASKE-byeenkomste deelneem, moet hul eie reëlings ten opsigte van reis en verblyf tref. Die WKOD sal reis en verblyf soos volg subsidieer:

11.1 Skole wat meer as 200 km (retoer) reis, sal vir tot 'n maksimum van R3 000 per skool vir distriks- en provinsiale rondtes gesubsidieer word.

11.2 Skole wat meer as 700 km (retoer) reis, sal vir tot 'n maksimum van R5 000 per skool vir distriks- en provinsiale rondtes gesubsidieer word.

11.3 Skole wat genooi word om aan die nasionale byeenkoms deel te neem, sal vir tot 'n maksimum bedrag van R40 000 (veertig duisend rand) gesubsidieer word om 'n hele koor van 60 leerders te vervoer.

11.4 Verblyf om die provinsiale rondtes by te woon, sal teen R100 per leerder per nag gesubsidieer word.

11.5 Verblyf om die nasionale byeenkoms by te woon, sal vir tot 'n bedrag van R150 per persoon per nag gesubsidieer word.

Subsidies sal slegs betaal word by die ondertekening van die memorandum van verstandhouding met die distrikskantoor en dit moet ten minste drie weke voor die byeenkoms by Hoofkantoor ingedien word.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle leerders, dirigente, opvoeders en ouers.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2019-03-18

Distriksamptenare se kontakbesonderhede

Onderwysdistrik	Kontakbesonderhede
Metro-Noord	Mnr. D Leonard Tel.: 021 938 3170 Faks.: 021 938 3180 E-pos: David.Leonard@westerncape.gov.za
Metro-Sentraal	Me. S Majiet Tel.: 021 514 6700 Faks.: 021 514 6953 E-pos: Shaheeda.Majiet@westerncape.gov.za
Metro-Suid	Mnr. R Esau Tel.: 021 370 2000 Faks.: 021 372 1856 E-pos: Rowan.Esau@westerncape.gov.za
Metro-Oos	Me. MJ Swartz Tel.: 021 900 7253 Faks.: 021 903 2149 E-pos: Mary.Swartz@westerncape.gov.za
Weskus	Me. C Beukes Tel.: 021 860 1210 Faks.: 021 860 1231 E-pos: Cathlene.Beukes@westerncape.gov.za
Kaapse Wynland	Me. C Ross Tel.: 023 348 4602 Faks.: 023 342 4138 E-pos: Cantel.Ross@westerncape.gov.za
Overberg	Mnr. K Mike Tel.: 028 214 7300 Faks.: 028 214 7400 E-pos: Kobus.Mike@westerncape.gov.za
Eden en Sentrale Karoo	Me. S Stofile Tel.: 044 803 8300 Faks.: 044 873 2253 E-pos: Sinovuyo.Stofile@westerncape.gov.za